



Verwysing: 20190425-4026  
Lêerno.: 12//2/13/6  
Navrae: A Henriques

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0002/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:  
Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges,  
Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Aanlyn stelsel op SOBIS vir skole se bestelling van KABV-handboeke vir graad 1 tot 12.*

**Onderwerp: Aanlyn bestelstelsel vir die bestelling van KABV-handboeke vir graad 1 tot 12**

1. Daar word van skole in die Wes-Kaap verwag om 'n handboek vir elke vak aan elke ingeskrewe leerder te voorsien.
2. Om toe te sien dat alle leerders by elke skool handboeke vir elke vak in 2021 het, word prinsipale versoek om:
  - 2.1 hul verwagte graad-*vir*-graad-leerderinskrywing vir 2021 te beraam;
  - 2.2 die verwagte getal addisionele leerders aan die begin van 2021 te skat, gebaseer op tendense van die afgelope paar jaar;
  - 2.3 te verseker dat alle ongebruikte handboeke wat tans in pakkamers is, in ag geneem word; en
  - 2.4 hul handboeke se jaareind-retensiekoers van die afgelope paar jaar in ag te neem.
3. Die inligting in paragraaf 2 moet gebruik word om handboek-aanvullingsbestellings vir 2021 te maak.
4. Skole sal slegs een geleentheid in **2020**, tussen **01 en 12 Junie**, kry om al hulle aanvullende handboeke te bestel met behulp van die aanlyn stelsel wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) verskaf word. Dit beteken dat skole tyd moet neem om hulle aanvullende handboekbehoefte noukeuring vir 2021 te beplan, met inagneming van al die faktore aangedui in paragraaf 2.

5. Die norme-en-standaarde (N&S)-toewysings van skole se leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal sal gebruik word om aanvullende handboeke en leerdergroeihandboeke in Januarie 2021 te betaal.
6. Skole word aangemoedig om hul voorbereidings vóór die aanlyn vasleggingstydperk af te handel en hul aanvullende handboekbehoefte vanaf die dag wat die aanlyn stelsel op 01 Junie 2020 oopmaak, vas te lê.
7. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, kies die "Administration"-opsie op die kieslys en kies dan "CAPS textbook top-up" op die aftreklysie. 'n Subkieslys sal verskyn, wat dan toegang tot die vasleggingskerm en die "How to guide" sal bied. Skole word aangemoedig om, vóór die vaslegging van aanvullende handboekbestellings, hulself vertrouwd te maak met die inhoud van die "How to guide".
8. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op SOBIS om vas te stel wie gekontak moet word indien enige probleme met die vaslegging van die aanvullende handboekbestellings ondervind word.
9. Sodra die aanlyn bestelling deur die prinsipaal geverifieer en afgeteken is, moet die skool 'n drukstuk van die geverifieerde bestelling druk, kontroleer dat dit korrek is en op rekord plaas.
10. Indien 'n titel nie via die bestelstelsel beskikbaar is nie, moet skole die aangehegte templaot vir bestellings (Addendum 1) gebruik om hulle benodigde KABV-goedgekeurde handboeke te bestel. Die ingevulde bestelvorm moet elektronies gestuur word vir die aandag van mnr. Bernard Stoffels (tel. 021 467 2345) aan [Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za](mailto:Bernard.Stoffels@westerncape.gov.za) voor of op 12 Junie 2020.
11. Dit het onder die aandag van die WKOD gekom dat skole daartoe geneig is om die aflewering van bestellings wat verkeerdelik deur die skool geplaas is, te weier, wat dan finansiële implikasies vir verskaffers inhou. Verskaffers of hul afleweringssagente sal onder geen verpligting wees om bestellings wat korrek afgelewer is, terug te stuur nie. Prinsipale word daaraan herinner dat die skool finansiëel aanspreeklik is vir alle bestellings wat via SOBIS geplaas word. Die skool het dus geen ander keuse as om die aflewering ooreenkomstig 'n amptelike bestelling te aanvaar nie.
12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**

**DATUM:** 2020-05-20